Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Februarie 2018

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

www.gksa.org.za

Algemene Sinode 2018

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag buite agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 119, NO. 3320 - Februarie 2018

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
2018 – 'n waterskeidingsjaar

3 UIT DIE WOORD
Die roeping van die kerk van Jesus Christus vandag

6 REDAKSIONEEL
Wat is Arminianisme?

8 BRANDPUNT
Hou moed!

FOKUS
10 Algemene Sinode 2018 in 'n neutedop
13 Ekumeniese Sake (buitelands)
16 Vaartbelynde meerdere vergaderings in die vooruitsig
Jeugsorg: kommunikasie en toerusting
17 Diakonale Sake (SDDS)
18 Expando
20 Om die hande en voete van Jesus te wees ...

ANDER
22 Lukas, die dokter wat ek liefhet
25 Woorde in die Bybel (1)
26 Ds. Benjamin Zulu beroep en bevestig as kerkplanter

28 Lief en Leed / Op die Kerkwerf
29 Personalia / Wel en Wee
30 Kleinadvertensies

2018 – 'n waterskeidingsjaar

In die eerste weke van 'n nuwe jaar kom die vraag onwillekeurig op wat die toekoms gaan inhou.

Alles dui daarop dat die jaar 2018 in vele opsigte 'n waterskeidingsjaar kan wees. Dit geld vir die politiek, die ekonomie, die onderwys, die kerk, ensovoorts.

Polities

Wat die politiek betref, sal daar met die verskyning van hierdie uitgawe reeds groter duidelikheid wees oor die toekoms van pres. Jacob Zuma en die vraag of die leiding van mnr. Cyril Ramaphosa hoop inhou vir groter stabiliteit, minder korrupsie, beter bestuur en dienslewering, ensovoorts.

Ekonomies

Ná die verkiesing van mnr. Ramaphosa in Desember verlede jaar het die markte oor die algemeen gunstig gereageer. Nogtans moet ons nie verwag dat die posisie van Jan Alleman vinnig en radikaal gaan verbeter nie. Armoede en werkloosheid styg steeds. Suid-Afrika is derde op die lys van lande waar die grootste ongelykheid heers. Die waarskynlikheid van hoër belastings en hoër rentekoerse is glad nie uitgesluit nie.

Landbou

Met die skryf van hierdie artikel verkeer baie groot dele van ons land in die greep van 'n baie ernstige droogte, in sommige dele selfs die grootste in menseheugenis. Daarby hang die dreigement van die ANC dat grond sonder vergoeding onteien kan word, oor die koppe van die klein persentasie boere wat nog kan sorg dat daar kos geproduseer word.

Onderwys

Dit is algemene kennis dat die onderwys in ons land in 'n geweldige krisis verkeer as gevolg van swak bestuur, onbekwame of swak opgeleide leerkragte, korrupsie, en nog meer, by talle skole. Ná meer as 20 jaar van ANC-regering word dit alles steeds voor die deur van apartheid gelê, asof dit die probleem sal oplos.

Wat die orde en stabiliteit by universiteite betref, word dit opnuut bedreig deur die aankondiging van pres. Zuma (om politieke punte te probeer wen) op 16 Desember verlede jaar oor gratis

onderwys vir sekere studente, 'n saak wat in baie ryker lande as Suid-Afrika nie moontlik is nie.

Waarvan ons wel seker kan wees, is dat die aanslag op Afrikaans as onderrigtaal (en daarmee saam op alle aspekte van die kulturele identiteit van die Afrikaner) steeds sal toeneem.

Kerklik

Met die verskyning van hierdie uitgawe is die Algemene Sinode van 2018 van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika reeds verby en die belangrikste besluite bekend. Gaan die GKSA in die afvallige en troebel tye van toenemende dwaling steeds deur die beginsels van God se Woord alleen gelei word?

Verder is 2018 die jaar van die 400ste herdenking van die Sinode van Dordrecht in 1618/19 en die vasstelling van die Dordtse Leerreëls as een van ons belydenisskrifte (saam met die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis, bekend as die Drie Formuliere van Eenheid). Mag hierdie herdenking saam met die 500-jarige herdenking van die Hervorming in 2017 ons opnuut laat besef hoe kosbaar ons erfenis is en hoe geweldig groot ons roeping om waarlik Kerk van Christus te bly.

Wie kan die toekoms ontsluit?

Die meeste van wat hierbo geskryf is, en baie meer, kan u in enige koerant lees. En dit bly alles grootliks menslike bespiegeling.

Die ware en enigste antwoord oor wat die toekoms inhou, sal u (ongelukkig) nie in die gewone dagblaaie lees nie. Inteendeel, my ondervinding is dat bydraes wat 'n Bybelse perspektief probeer gee, juis deur koerante geïgnoreer word.

Ons moet God se koerant lees. En dan lees ons in Openbaring 5 dat selfs die apostel Johannes in trane uitgebars het, omdat daar niemand in die hemel of op die aarde gevind is wat die boekrol in die hand van God kon oopmaak nie, die boekrol wat die voleinding van God se Raadsplan bevat. Totdat 'n ouderling met Johannes praat. Nie 'n engel nie, maar 'n ouderling. Die kerk het die antwoord. As die wêreld in sy uitsigloosheid maar na die kerk wou luister, oftewel na die verkondiging van die evangelie.

Wat is dan die enigste, onfeilbare antwoord oor die toekoms? Daar is net Een wat die toekoms kan ontsluit. Meer nog, Hy ontsluit nie net die toekoms nie, Hy beheers dit. Hy ís dit. Hy is Jesus Christus, die Leeu uit die stam van Juda (Gen. 49) en tegelykertyd die Lam wat geslag is (Op. 5:5, 6). Ja, as Hy die sewe seëls oopmaak (lees asseblief die res van die boek Openbaring), sien ons dat daar nog verskriklike dinge in die toekoms wag, veel erger as wat ons nog ooit beleef het, of vir ons kan voorstel: aardbewings, oorlog, hongersnood, vervolging, dood, die verskyning van die antichris self.

Daar loop egter ook 'n ander lyn deur die boek Openbaring. Ons lees van die 144 000, die volheidsgetal van God se uitverkorenes wat in die verskrikking van die eindtyd bewaar word. Ons lees van die Ruiter op die wit perd, die val van die sedelose vrou Babilon, die bruilof van die Lam en die nuwe Jerusalem. Dit is die helder, klinkklare antwoord oor die res van 2018 en elke dag van die toekoms. Die blink Môrester (Op. 22:16) sit reeds aan die oosterkim van die ewige dag. En Hy kom gou. CFCC

Prof. JH (Amie) van Wyk (emeritus) (Pretoria)



Hou moed!

Elke keer as ek na 'n Bybelgedeelte soek om my op te beur, keer ek terug na hierdie bemoedigende uitspraak van Jesus in Johannes 16:33: *Hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin*. (In die Latynse vertaling val dit so lekker op die tong (en is dit dadelik herkenbaar): *sed confidite, ego vici mundum*.

Dit is nogal 'n verrassende uitspraak, want op die stadium toe Jesus hierdie woorde tot sy dissipels gerig het, het die kruis nog vóór Hom gelê. Tog praat Hy asof die groot oorwinning oor die Bose reeds ágter Hom is.

Die vorm van die Griekse werkwoord "oorwin" (perfektum) bevestig dit ook dat, wat Hóm betref, die oorwinning reeds behaal is, 'n aspek wat in die Evangelie van Johannes telkens beklemtoon word: "Nou sal die owerste van hierdie wêreld, die Satan, uitgegooi word buitentoe" (Joh. 12:31); "... Die owerste van die wêreld, die Satan, is aan die kom. Hy het geen mag oor my nie ..." (Joh. 14:30); "die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld, die Satan, is klaar veroordeel" (Joh. 16:11).

Die res van die Nuwe Testament bevestig ook hierdie gedagte. "Die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak" (1 Joh. 3:8). God het in Christus "die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer" (Kol. 2:15).

Christus Triomfator! Dis die deurlopende tema deur die hele Nuwe Testament. Vandaar dat Paulus in Romeine 8:17 kan skryf dat ons in Christus nie maar net gewone "oorwinnaars" is nie, maar (letterlik) "hiperoorwinnaars".

In die dogmatiek word daar dikwels 'n onderskeid gemaak tussen die "strydende kerk" van Christus in hierdie bedeling en die "triomferende kerk" in die nuwe bedeling wat kom. Maar eintlik is dit 'n redelik kunsmatige onderskeiding, want reeds *in hierdie sondige bedeling* is die kerk ook – in Christus – 'n *triomferende kerk*.

Christus het immers rééds die oorwinning behaal, die groot veldslag is klaar gelewer en wat ons tans beleef en ervaar, is kleiner skermutselings met die bose magte.

Ek besef maar alte goed dat dit vir ons, mense van die 21ste eeu, nie altyd so voel nie. Ons daaglikse ervaring spreek van die teendeel. Dit voel vir ons asof die bose magte die wêreld oorneem. Die wêreldtoneel lyk byvoorbeeld alles behalwe rooskleurig; trouens, alle aanwysings dui daarop dat die wêreldsamelewing teen die jaar 2050 gaan vasloop – ondanks al die planne van die wêreld.

Ook in Suid-Afrika – en Suider-Afrika – word dinge by die dag meer troebel en is die misdaadgolf besig om soos 'n onstuitbare tsoenami alles uit sy pad te vee.

'n Mens weet nie meer wanneer jy die dagblad moet lees nie. Nié voor slaaptyd nie, want dan word jou slaap deur al die moordberigte versteur. Ook nie vroeg soggens nie, want dan word jou hele dag bederf. (Oor die middaguur is miskien die beste tyd.)

Die spreuk (van Spurgeon, onder andere) lyk nie meer so deursigtig nie: *Soggens lees ek my Bybel om God se wil te hoor, en daarna lees ek my koerant om te sien hoe God se wil verwerklik word.*

En wie hom/haarself goed ken, weet hoedat die boosheid nie maar net búíte ons rondbeweeg nie, maar ook in jou eie hart en in jou eie binneste. Die goeie wat jy graag wíl, dit doen jy nie, en die kwade wat jy nié wil nie, juis dit doen jy so dikwels.

Dis in in súlke tye, waar mense op moedverloor se vlakte sit en hulle moed in hulle skoene sak, dat ons die bevrydende woord van Christus moet hoor en omhels: *Hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin*. Bedoelende die bose wêreld, die bose magte. Die kruis op Golgota staan op hierdie bebloede aarde geplant as simbool van oorwinning en bevryding, veel meer nog as die "Statue of Liberty" in die VSA.

Slegs wanneer ons vanuit die oorwinning in Christus leef, vanuit die kruis en die opstanding, kan ons as oorwinnaars leef, selfs wanneer ons ons in die mees hopelose situasie vind.

Aan al ons broers en susters, aan alle Christene in hierdie land: Hou moed! Christus het klaar oorwin. Ons is deel van sy triomftog deur die wêreld, selfs al voel dit vir ons of die teendeel waar is. Eenmaal sal sy triomf helder aan die lig tree en sal ons sien wat ons nou nie sien nie: ons het gedink dat bose magte die wêreld regeer, maar al die tyd was Hy in beheer, al die tyd was dit Hy, die Oorwinnaar, wat die wêreldgeskiedenis op die Voleinding gerig het.

Hou moed! DK

EUREKA
Apteek • Kliniek
JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT
Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM
Ons ondersteun graag Die Kerkblad

Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)

Algemene Sinode 2018 in 'n neutedop

Sonder om hoegenaamd op volledigheid aanspraak te maak, stip ek graag van die belangrikste besluite wat die Algemene Sinode 2018 geneem het, kortliks aan. Hierdie weergawe is gebaseer op eie aantekeninge en nie die amptelike notule nie.

Moderamen

As moderamen is verkies: Dr. Douw Breed (voorsitter;sittend regs voor), ds. Hendrik de Beer (ondervoorsitter, sittend links voor), dr. Deon Lartz (skriba, links agter), en di. Abel Modise en Carel Jansen (adjunkskribas, middel en links agter). Die vergadering is baie vlot en onpartydig deur die moderamen gelei.

Taal en kommunikasie

Tydens die Sinode was daar omtrent 30 afgevaardigdes uit ons swart kerke wat nie almal Afrikaans magtig is nie. Met die oog op beter kommunikasie het 'n deputaatskap aanbeveel dat die besigheidstaal van die Sinode Engels moes wees. Ons is egter dankbaar dat die Sinode besluit het op 'n beleid van veeltaligheid, waar elkeen sy eie taal praat en daar direk in Engels getolk word. Ons glo dat die taalprobleem nou permanent opgelos is en dat daar reg geskied aan die verskeidenheid waarvan ons kerke deel is.

Ekumenies binnelands

Ons bande met ander kerke in Suid-Afrika sowel as in die buiteland is bevestig en verstewig. Ons gaan waarnemerstatus kry by die SA Raad van Kerke, die ooreenkoms met die NG Kerk is gehandhaaf ten spyte van 'n beswaarskrif daarteen, en ons het opdrag om bande met die APK te handhaaf, maar met hulle in gesprek te tree oor hulle uitsluitlik blanke lidmaatskap.

Spesiale vermelding is gemaak van die vrugbare samewerking

met veral die NG en NH Kerke ter viering van die Reformasie 500-feeste plaaslik en sentraal, asook van die gesamentlike getuienis van ons drie kerke binne die Tussenkerklike Raad teenoor die owerheid.

Ekumenies buitelands

Verskeie rapporte het gespreek van kosbare bande met Gereformeerde Kerke regoor die wêreld. 'n Opwindende nuwe verwikkeling is dat bande met 'n Gereformeerde Kerk in Hongarye in die vooruitsig gestel is nadat ons deputate met hulle deputate kontak gemaak het tydens die sitting van die ICRC (*International Conference of Reformed Churches*). Dis ook insiggewend dat die ICRC die lidmaatskap van die *Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt* van Nederland opgeskort het ná die kerke se besluit om vroue tot al die ampte toe te laat.

Liedere

Ongeveer 130 nuwe Skrifgetroue liedere, meesal uit die Liedboek van die NG Kerk, is deur deputate gekeur en deur die Sinode goedgekeur vir gebruik in die erediens, onderworpe aan die besluit van die plaaslike kerkraad.

Hierdie liedere sal nie in 'n bundel opgeneem word nie, maar bloot in 'n lys van goedgekeurde Skrifgetroue liedere. Kerke kan dan in die erediens die liedere op die skerm vertoon.

Vrou in die amp

Verskeie beswaarskrifte kon nie daarin slaag om die Sinode te beweeg om vroue toe te laat tot die ouderling- en predikantsamp nie. Ook die beswaarskrif teen die 2015-besluit dat dit 'n wesenlike saak is, is nie gehandhaaf nie. Aan 'n beskrywingspunt daaroor is ook nie gevolg gegee nie, ook nie aan 'n beskrywingspunt wat die beslissing oor die saak wou afwentel na plaaslike kerke nie. Die status quo word dus gehandhaaf (dat vroue wel as diaken kan dien, maar nie as ouderling en predikant nie).

Verhouding met die Noordwes-Universiteit

Ondanks spanninge oor verwikkelinge aan die Universiteit, veral oor die Pentakostalistiese leerstoel en aanstelling in die Fakulteit Teologie, word die band met die NWU met dankbaarheid behou en sal ons predikante steeds aan die Teologiese Skool uitsluitlik op grondslag van die Gereformeerde teologie onderig word. Die Kuratore sal met die NWU in gesprek tree oor die probleemareas.

Ons omgewing

Die Sinode het 'n beroep op kerke, individue, maatskappye, nywerhede en die regering gedoen om "'n kopskuif te maak" oor die omgewing en die enorme besoedeling en misbruik van God se skepping teen te werk. Nuwe Deputate Omgewing is aangewys met 'n uitgebreide mandaat.

Formaat van die Sinode

'n Besluit is geneem dat groot dele van die agenda van 'n volgende Algemene Sinode afgehandel kan word deurdat afgevaardigdes gelyktydig op verskillende plekke in die land deur middel van direkte videobeeld met mekaar kommunikeer. 'n Veel kleiner agenda sal dan oorbly wat met 'n korter sitting van die volle Sinode in hoogstens een week afgehandel kan word. Deputate moet die praktiese aspekte hieraan verbonde ondersoek en ten beste implementeer.

Kerkgroei (insluitend *Expando)*

Tydens die Algemene Sinode van 2015 het die kerkgroeibedieningdeputate die opdrag ontvang om 'n kantoor tot stand te bring om kerke en predikante te begelei en toe te rus om geestelik gesond te kan wees en om die Woord uit te dra na buite. Dit het gelei tot die vestiging van *Expando* op 1 April 2017 met 'n, tot dusver, deeltydse en tydelike direkteur. (dr Malan van Rhyn).

Dat Expando in 'n groot nood moet voorsien, blyk duidelik uit die aantal opdragte wat Sinode 2018 na *Expando* verwys het, onder andere die toerusting van ouderlinge, die geestelike toerusting van gesinne, die voortgesette toerusting van predikante en die stimulering van kerkgroei by ons gemeentes. Ons almal se voorbidding hiervoor is broodnodig, aangesien hierdie dienswerk ten volle van die seën van die Here afhanklik is!

Publikasies

Met behandeling van die rapporte oor ons kerklike tydskrifte is 'n beroep op kerke gedoen om positief mee te werk tot die vermeerdering van ons leserstalle. Daar is ook besluit dat 'n Engelse weergawe van die jeugtydskrif *Kruispad* uitgegee sal word nadat 'n volhoubare besigheidsplan daarvoor opgestel is. Die tydskrif sal as *Cross Courier* bekendstaan. Uit die rapport oor die Calvyn Jubileum Boekefonds het geblyk dat talle gereformeerde publikasies gratis op hulle webwerf beskikbaar is (www.cjbf.co.za). Predikante en lidmate word aangemoedig om ruim daarvan gebruik te maak.

Ander sake

Die Sinode het verder deeglike rapporte behandel en besluite geneem oor diakonale sake, Bybelvertaling, Bybelverspreiding, jeugwerk, teologiese opleiding, onderwys, historiese sake en finansiële en administratiewe aangeleenthede. Met groot dank aan die Here kan ons terugkyk op 'n vergadering wat sy agenda ordelik en betyds afgehandel het. Ons het ook buitengewoon breedvoerige en objektiewe dekking in die media geniet danksy Jana Marx (links, foto bo) van *Beeld* wat bykans die hele Sinode bygewoon het. Ons glo dat die besluite wat die kerke saam geneem het, tot diens en opbou van ons gemeentes sal strek en ons dank die Here vir Sinode 2018. DK

Agter v.l.n.r.: Ds. Antonio Bento (Angola), ds. NN Ligege (Streeksinode Bosveld), ds. Antonio Bento (Angola), ds. NM Muhadi (Streeksinode Bosveld), ds. Antonio Ngula Chivinga (Angola).
Voor v.l.n.r.: Oudl. NA Mufamadi (Streeksinode Bosveld), oudl. NW Raphala (Streeksinode Bosveld), dr. RN Makungo (Streeksinode Bosveld).

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord) (direkteur van Expando)

expando

Wat is Expando?

Na aanleiding van die rapport van die Omkeer-strategie-deputate het die Algemene Sinode in 2015 besluit dat kerkgroeibediening-deputate aangewys word. Hulle het die opdrag ontvang om onder andere 'n kantoor tot stand te bring om kerke en predikante te begelei en toe te rus om geestelik gesond te kan wees en om die Woord na buite uit te dra.

Die sinodebesluite rakende dié Ondersteuningsdiens vir Bedieningstoerusting en Begeleiding (OBTB) het gelei tot die vestiging van Expando met 'n tot dusver deeltydse en tydelike direkteur. Dit is tans my voorreg om uitvoering te gee aan die roeping. Expando werk nou saam met die deputate vir kerkgroeibediening en die professor vir Missiologie en staan onder toesig van die Kuratore.

Wat doen Expando?

Die Sinode van 2015 het onder andere die volgende take aan Expando opgedra:

- "Om op versoek gemeentes en klassisse met hulle kerkgroeibediening by te staan en toerustingsmateriaal en opleiding, waar nodig, te verskaf.
- Om spesifiek op die toerusting van predikante te fokus en predikante deur middel van streeksaamtrekke, konferensies en ander toepaslike wyses saam te trek en toe te rus met betrekking tot die implementering van die kerkgroeibediening.
- Om in die lig van nuwe navorsing wat aan die lig mag kom, verdere verdieping van die kerkgroeibediening te ondersoek, volgende vlakke van implementering voor te stel en die Sinode daaroor te adviseer.
- Om 'n aktiewe webblad vir kerkgroeibediening te skep waar gemeentes op hoogte gehou word van toerustingsmateriaal, opleidingsgeleenthede en ander tersaaklike inligting wat gemeentes kan stimuleer en help met die kerkgroeibediening."

In samewerking met die Kuratore het die kerkgroeibediening-deputate tot die volgende posbeskrywing oorgegaan:

- Die skryf van kontekstuele kort-kursusse en programme vir vaardigheidsontwikkeling wat nodig is vir die bedieningstoerusting en begeleiding van kerke.
- Die nagaan en beskikbaarstelling van reeds bestaande kort-kursusse.
- Die werf van skrywers en kundiges plaaslik en oorsee vir die ontwikkeling van kursusse om te verseker dat voortgesette bedieningstoerusting en relevante opleiding vir predikante en lidmate beskikbaar is.
- Die fasilitering van toerusting vir predikante, ampsdraers en lidmate.
- Die toerusting van predikante om in streke sulke kursusse te fasiliteer en aan te bied.
- Om relevante kortkursusse van die NWU Fakulteit Teologie en TSP onder lidmate te bemark.
- Om relevante kursusse van Mukhanyo Teologiese Kollege onder lidmate te bemark.
- Om samewerking met Docenda te ondersoek en te implementeer.

Intussen is daar heelwat opdragte deur die Sinode van 2018 na Expando verwys.

Verslag van werksaamhede

Expando is op 1 April 2017 gevestig nadat 'n ooreenkoms met die kerkraad van die Geref. Kerk Pretoria-Noord aangegaan is. Daar is tot dusver 11 nuusbriewe aan kerke gestuur wat toerusting oor 'n wye front behels. Die nuusbriewe is op die webblad van die GKSA en op die webblad van die kerkgroeibediening beskikbaar.

- In Nuusbrief 1 is die boekie van Darrow Millar oor *dienskneg-leierskap* in Afrikaans en Engels aan die kerke beskikbaar gestel, asook 'n preekreeks oor die onderwerp.
- In die tweede nuusbrief is die werksaamhede van die *Natural Church Development* aan die kerke beskikbaar gestel en 'n afslagprys vir kerke wat die assessering wil laat doen, is beding. Intussen het Expando ook die geleentheid aan vier kerke gebied om die assessering op Expando se koste te laat doen.
- In Nuusbrief 3 is inligting wat deur ds. Koos Venter oor *kerkplanting* saamgestel is, aan die kerke deurgegee.
- In Nuusbrief 4 is die artikel van dr. Flip Buys, *STROME VAN LEWENDE WATER; Nuwe-Testamentiese Perspektiewe op die Missionêre Karakter van die Kerk*, aan kerke beskikbaar gestel.
- Nuusbrief 5 het 'n geleentheid gebied om deur middel van 'n vraelys oor kontekstualisering in 'n Afrika konteks by te dra tot 'n Ph.D.-studie oor die onderwerp.
- Die sesde nuusbrief het 'n reeks van *10 preke bevat oor kerkgroei*.
- In die sewende nuusbrief is die Kategismusverklaring van prof. Paul de Bruyn, *Jou enigste troos*, aan kerke beskikbaar gestel.
- Nuusbrief 8 het die skakel na die klankopname van 'n *preek uit Nehemia 1 en 2 oor gebed en leierskap in die kerk* bevat.
- In Nuusbrief 9 is 'n handleiding wat ds. Awie Verhoef saamgestel het oor *33 dae van fokus*, getitel *"Hier is ek, Heer! – wéés die kerk!"*, beskikbaar gestel.
- Die tiende nuusbrief het die webwerf *Scriptura.co.za* onder kerke se aandag gebring. Die webblad bestaan uit 'n blog-afdeling waar uiters aktuele sake op 'n Skrifgetroue wyse bespreek word. Daar is ook 'n afdeling "Radio Scriptura" waar daar na klankopnames van die bespreking van aktuele sake vanuit Bybelse perspektief geluister kan word. Verder is daar ook 'n toerustingsafdeling met Skrif- en belydenisgetroue inhoud.
- In die elfde nuusbrief is die *nuwe logo bekendgestel*, die geleentheid is aan vier gemeentes gebied om die NCD-assessering gratis te laat doen en *afslag op teologiese boeke by Cum Boeke* is bekend gestel.

Konferensie

In Oktober 2017 is daar 'n geslaagde konferensie oor kerkgroei in Pretoria aangebied en die terugvoer was baie positief. Ek het 'n aanbieding gedoen oor die *impak van jou wederkomsverwagting op kerkgroei*. Dr. Griffel van Wyk het gepraat oor *Geld en Kerkgroei: Wat is nodig en wat is nie nodig nie?* Prof. Stephan Joubert het gepraat oor: *Só moet gemeentes en lidmate lyk om te kan groei*. Die konferensie kan op versoek ook in ander sentra in die land aangebied word.

Samewerking met teologiese professore

Daar is op verskeie kere en maniere met die professore van die TSP geskakel om aan hulle geleentheid te bied om betrokke te wees by die dienswerk van Expando. Die meeste het reeds ingestem om in 2018 kort kursusse op video aan te bied wat aan die kerke beskikbaar gestel sal word. Sommige van die aanbiedings sal ook deel vorm van die M.Th.-program in Kerkgroeibediening wat beoog word.

Samewerking en voorbidding

Tot dusver is die grootste struikelblok die feit dat die opdrag omvangryk is en dat dit slegs op 'n deeltydse basis aangespreek kan word. Expando is nie 'n een-man-projek nie. Samewerking van die professore, die Kuratore, elke predikant en elke gemeente is noodsaaklik om die saak te laat slaag! Wenke en voorstelle van toerustingsmateriaal wat deurgegee kan word aan die kerke sal waardevol wees. Ons almal se voorbidding is broodnodig, aangesien hierdie dienswerk ten volle van die seën van die Here afhanklik is! DK